## 25 Augustus - OORWIN

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8**
**Fokusgedeelte: Openbaring 21:7**

In Openbaring maak God in breë trekke aan ons bekend wat ons as gelowiges te wagte moet wees tussen die hemelvaart en die wederkoms van ons Here Jesus, en ook wat daarna gaan gebeur. Openbaring gee aan ons wat op die wederkoms van ons Here wag, perspektief op die leed, smart en pyn wat ons tans ondervind.

Al is die duiwel op Golgota oorwin en al het ons Here die dood van sy mag ontneem, ondervind gelowiges elke dag hoe die duiwel soos 'n brullende leeu rondloop om ons te verslind. Ons beleef ook hoe die dood 'n einde bring aan alle lewende wesens.

Ten spyte van die lyding wat ons elke dag ondervind, is daar hoop. Wanneer die evangelie aan alle nasies verkondig is (Matt 24:14), kom ons Here Jesus weer. Dan sal die hemel en die aarde nuut gemaak word. 'n Nuwe tydperk sal aanbreek. God sal by ons woon. Ons sal nie meer ly en onvrede hê as gevolg van gebroke huwelike, kapings, moord, onreg, siekte of dood nie.

In God se woonplek is daar geen plek vir die duiwel of die dood nie. God is die Gewer van lewe. By Hom kan ons in vrede werklik leef.

God maak in Openbaring 21 die toekomsgordyn op 'n skrefie oop om ons te wys waarheen die wêreldgeskiedenis onderweg is. Hy doen dit om ons, in geloofstryd, aan te moedig. Wie ten spyte van die duiwel se aanslae, die invloede van die wêreld en eie sonde in die geloof vasstaan, is oorwinnaars wat in God se teenwoordigheid sal bly.

Deur ons Here Jesus Christus is oorwinning moontlik, want Hy het die duiwel en die dood reeds oorwin. Wie in Hom glo, het deel aan sy oorwinning.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 4* *Dr EJ de Beer (Laeveld)*